By Kades-Barnéa

Sy was so bang, haar hart het omtrent geklop teen negentig myl per uur, skynbaar. Sy was 'n tydjie by die huis, en sy was in die kamer om daaroor te dink en dit te verwerk.

2 En, wel, laat my dink aan Broer Moore, toe sy klein seuntjie, hy gesê het hy wil preek. Hy was omtrent sewe of agt jaar oud, hy het aanhou sê: "Pappa, ek wil preek." So een aand, voor die gemeente, het Mnr. Moore gesê: "Nou, mense," gesê: "David, wat hier sit," wat daarbo gesit het soos 'n ou geestelike, julle weet, en sy kop opgelig. Hy het gesê: "Hy wil 'n bietjie preek, vanaand." So, hy het opgehardloop op die platvorm. Afgespring uit sy stoel, daar opgehardloop, julle weet, en gestop. En hy het gedink hy sal net reguit daarmee begin. En hy het een kant toe, en ander kant toe gekyk, gesê: "Dit wil net nie werk nie," teruggegaan en gaan sit.

3 Ek het al baiekeer gesien, wat ek gedink het dit gaan nie werk nie. Maar net . . . Dit was, egter, in die haak.

4 Hulle ma's het altyd vir ons gesing, Mabel en Meda. Wil hulle weer een op ander tyd hoor sing. Wil julle nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek wil hulle net graag hoor sing. Miskien kan ons hulle kry om volgende Sondagaand saam te kom, en die lied vir my te sing toe ek die kerk verlaat het. Onthou julle toe dit, wat dit—wat dit was?

> Die sand is gespoel uit die voetspore,
> 'n Vreemdeling . . .

En dan:

> Hulle kom oral van Oos en van Wes, (kom ons kyk)
> By die Koning se fees, te eet as Sy gas.

5 Ek dink dis hoe dit gaan. Sal hulle graag wil hoor. Hoeveel wil hulle graag hoor, omtrent volgende Sondagaand, as ons hier is? Wil julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, sekerlik. Mabel, is jy hier? Is sy hier, Doc? Sy hoor dit, en Meda is daaragter, so hulle kan 'n bietjie oefen. Want, die meisies gaan hulle naderhand voor wees, nie waar nie? Dis reg. Moet nou 'n bietjie oefen, en hierdie volgende week begin.

6 Vanaand, hiernatoe gekom, en net 'n paar oomblikke gelede, familie was weg, en ek was alleen met die Here, om 'n bietjie te bid. Ek het afgery verby die ou tabernakel en die motors hierbuite in 'n ry sien staan. Julle weet, dit bring net ou herinneringe terug, van 'n lang tyd gelede, wanneer altyd hier gehad het, hierbinne, ingekom het, wonderlike dienste gehad het,

en tot twee- en drie-uur in die môre aangehou het. Die mense wat net rondgesit het by mekaar.

7 Julle weet, baie van daardie ou mense is hierbo in die graf vandag. Ek bedoel hulle liggaam, maar hulle is in die Hiernamaals. En geslagte bly aankom, die jongeres wat opkom. Sal nie lank wees voor ons weg is nie. Die ander geslag sal . . . die ander, die jongeres, ons plek neem. So ons moet elke dag lewe, nie waar nie, net vir die Here, Hom alleen.

8 Nou, ek weet môre is 'n werksdag vir die mense wat moet uitgaan en werk toe gaan. So ons is . . . probeer vroeg verdaag vanaand. Is daar doopdiens, enigiets, hierna? Goed.

9 Nou, hierdie salige ou Bybel is die padkaart na . . . vanaf die wiegie tot—tot by die graf, en al die pad Hemel toe. En ons is lief Daarvoor, want in die inhoud Hiervan, is waar ons die plan van verlossing vind om tot die uiterste te red.

10 Nou, voor ons Dit oopmaak, kom ons praat met die Outeur, terwyl ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

11 Ons Hemelse Vader, ons dank U, vanaand, vir alles wat alreeds gedoen is, in die diens, vir die liedere en vir die . . . alles wat reeds plaasgevind het. En ons is dankbaar om vanaand hier vergader te wees onder die dak van hierdie geboutjie, in die Naam van die Here Jesus, met hierdie genadige belofte, dat: "Waar twee of drie vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees." En ons weet dat U hier is.

12 En ons is so bly om te weet, dat U steeds, na negentienhonderd jaar van verkondiging van die Evangelie, en—en die wêreld se geskiedenis wat ombeweeg, dieselfde bly. Verandering van tyd, verandering van mense, verandering van nasie, verandering van begeertes, en gesindhede, maar U bly dieselfde. En ons is so bly daaroor, vanaand, Vader.

13 Want, ons is bly dat ons U Woord kan lees, en sien wat U toe was, en te weet dat ons dieselfde liefdevolle, vergewensgesinde, begrypende Vader, wat eenmaal die sandstrande van Galiléa bewandel het; gekruisig is, om ons plek in te neem, en 'n sondaar geword het wat by die kruis gesterf het, in ons plek, om ons sondes op Homself te neem, om hulle weg te dra, en in die hel gewerp is. En die profeet het gesê: "Ek sal Sy siel aan die doderyk nie oorgee nie, ook sal Ek My Gunsgenoot nie verderwing laat sien nie." En weer op die derde dag opgestaan, en opgevaar het na Bo, waar U vanaand sit aan die regterhand van die Majesteit van God, om voorspraak te maak volgens ons belydenis. En ons het 'n reg en 'n voorreg om dit te bely, ons eie persoonlike eiendom wat gekoop is met U Bloed, enigiets wat U ingesluit het in U verlossingsplan toe U gesterf en die versoening by Gólgota gemaak het.

14 En, vanaand, Vader, vra ons 'n spesiale seëning vir elke pelgrim wat vanaand hier onder die dak, in die tabernakel, vergader is.

15 Ons vra, ook, Vader, vir die mans en vroue, seuns en dogters, wat buite die ark is, vanaand, wat U nie ken nie. Ons bid dat U met hulle sal wees, en hulle na U toe sal trek, vanaand, en mag die Heilige Gees spesiaal aan hulle hart klop, en hulle lok na God, onse Vader toe. Skenk dit, Here.

16 Seën elke kerk en elke diens wat aan die gang is oor die hele wêreld, vandag en vanaand. En mag al die predikers geïnspireerd wees om te preek, en die mense se hart en oor besny wees, om te hoor en te verstaan, en God die eer sal kry. Want ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

17 En mag die Here Sy seëning byvoeg vanaand, soos ons na die kruis toe kom, om 'n bietjie oor die Woord te onderrig. Hierdie is soort van 'n Sondagskoolles.

18 Julle weet, ek het, 'n rukkie gelede gedink, terwyl ek daarbo gesit het. Julle weet, dit sal een of ander tyd 'n wonderlike ding wees, as. . . Daar's 'n groot leë gebou, onder in die stad hier, die ou Droomteater. Ek reken dit sal vyftienhonderd tot tweeduisend mense huisves. En dit sal baie goed wees, as ons kon hê, een of ander tyd, of miskien 'n voortsetting van 'n paar opeenvolgende Sondae, omtrent vyf weke, en 'n Sondagmiddag genesingsdiens hê, in die ou Droomteater hieronder, en die diens uitsaai oor een van die plaaslike radiostasies, vir 'n uur. Kos nie te veel nie; omtrent negentien, twintig dollar, iets soos dit, vir 'n uur. Ek sal enige tyd self daarvoor betaal, en as my dienste daarbuite dit borg. Net vir die mense hierrond om ingebring te word, en 'n goeie plek om hulle na toe te stuur, vir die bekeerlinge.

19 En, julle weet, en ek het vanmôre die boodskap van ons pastoor so geniet, oor "visvang met 'n treknet." En ek weet julle almal het. En dis reg. En—en ons moet die visse in die net kry, soos hy gesê het. En dis reg, sien, moet die vis in die net kry. En dan, saam, wel, staan ons.

20 Nou, ek, gisteraand, by Broer Junior Cash, glo ek is sy naam. Ons was daarbo om vir hom te preek, gisteraand, en die Here het afgekom op 'n wonderlike wyse. En hulle het 'n meisie gebring. Die enigste ding wat ek gesien het, wat natuurlik kon wees, wat jy met jou oog kon sien, wat op die platvorm was, was 'n gekleurde meisie wat van onder van die onderste deel van Indiana af was, onder New Albany of iewers, wat in 'n ongeluk was, en die senuwees in die oor en die stembande afgesny het, dat sy nie kon praat of hoor nie. En 'n aar is iewers afgeklamp, wat haar sy verlam het. En die meisie, haar moeder, en sy met die groot stutte, wat haar daar boontoe probeer lei het. Net 'n jong meisie, dogtertjie, en miskien sestien, so-iets. En op een of ander

manier, het die Heilige Gees net Afrika reg voor my geplaas. En ek het daarna gekyk.

21 En ek het 'n visioen reg hier in 'n boek geskryf, dat die terugkeer na Afrika baie groter sal wees as die eerste Afrika byeenkoms.

22 En toe, die mense wat nie geweet het wat aangegaan het nie, maar 'n visioen wat plaasgevind het. En ek het gesê: "Hemelse Vader . . . "

23 Nie dat ons vra vir wonderwerke nie. Die Bybel het gesê: "'n Swak en owerspelige geslag soek na wonderwerke." En ons soek nie wonderwerke nie, maar God doen wonderwerke. Reg op dieselfde tyd wat Hy dit gesê het, het Hy wonderwerke gedoen. Maar—maar as ons na hulle soek, wonderwerke móét hê, iets om ons te wys, een of ander bewys dat—dat ons gered is, of so-iets; ek glo nie in bewyse nie. Ek glo dat die bewys dat ons gered is, is dat ons God op Sy Woord geneem het. Dis die beste ding waarvan ek weet. En dan volg die vrugte.

24 Nou, ek het Hom gevra of Hy dit net sou doen, as 'n—as 'n teken dat dit tyd was om terug te keer na Afrika; wat, ons kontakte word die heeltyd sterker. En toe ons gebid het vir daardie meisie, kon sy praat en hoor en beweeg. Dit was net so wonderlik om te sien wat ons Here kon doen.

25 En daarom is ons bly daarvoor vanaand, om te weet dat daardie pragtige huis, waar dit ook al is, baie bly is vanaand om daardie meisie te sien. Hoe het dit gebeur, wanneer die senuwees heeltemal afgesny was? Sien? Geen manier, hoegenaamd nie. Nee, niks. Dit was klaar afgesny en afgeklamp, die senuwee na die tong of die vokale, en na die gehoor toe. Wat, hulle is albei op dieselfde senuwee, maar dit is afgesny deur die ongeluk. Maar, God het, op 'n manier . . .

26 Hoeveel was daar en het die meisie hoor praat? Kom ons kyk hier. Dis reg. En sy kon praat en hoor en gesels.

Ek sou *so* praat. Ek het gesê: "Hoor jy my?"

Sy het gesê: "Ja."

"Hoor jy my weer?" Ek het gesê: "Sê: 'Mama.'"

Sy het gesê: "Mama."

Ek het gesê: "Sê: 'Jesus.'"

Sy het gesê: "Jesus," en reguit voortgegaan en gepraat.

27 So, die Here is wonderlik (is Hy nie?), vol genade. [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

28 En dan, om nou uit die genesingsdienste te wees vir 'n paar weke, het dit soort van my hart weer vinnig laat klop, want gereed vir nog 'n diens.

29 Nou, oorkant in die Boek van Númeri. Ek is lief vir die Ou Testament. En ons gaan nou vanaand 'n les hê, oor die Boek van

Númeri. Númeri, die 13de hoofstuk en die 30ste vers, net een vers lees vir 'n grondslag, en vir 'n begin.

30 En dan, julle sien, as ons een vers uit die Bybel lees . . . Ek weet hierdie een ding: my woord sal faal, want ek is 'n mens. Maar daardie Woord van God sal nooit faal nie, want Dis die Woord van God. En, so, een vers Hieruit, sal genoeg van 'n grondslag gee dat elke persoon wat kom, geseën sal word, net omdat die Woord gelees is.

Nou, in die 30ste vers.

> *Toe het Kaleb die volk stil gemaak voor Moses, en gesê, Laat ons gerus optrek, en dit in besit neem; want ons kan dit seker . . . oorweldig.*

31 En mag die Here Sy seëninge voeg by die Woord. Nou, my onderwerp vanaand is: *By Kades-Barnéa.* En hierdie onderwerp wat ons onder oorweging het, net vir 'n bietjie agtergrond, om te bring by die plek waar, as die Here wil . . .

32 Dit alles, natuurlik, is nooit vooraf beplan nie. Dit word net gepreek onder inspirasie, net soos wat dit gegee word. Ek het nooit opleiding gehad om te leer hoe om dit te preek nie. En ek het dit, vier of vyf keer probeer, en regtig 'n groot gemors daarvan gemaak. Ek—ek weet net nie hoe om dit te doen nie. Maar, ek het Hom wel lief, en ek maak staat op Hom. En ek weet julle almal het, ook.

33 So, nou, in die begin, hierdie is 'n prentjie, wat God . . . 'n Groot drama van die Bybel, wat God vir ons hier in orde geplaas het, dat ons hierdeur mag vooruitgaan. Ek reken, oorkant in Hebreërs, die 10de hoofstuk, of die 12de hoofstuk, gesê: "Daarom dan, terwyl ons dan so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons dan elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, dat ons met volharding die wedloop mag loop wat voor ons lê, die oog gevestig op die leidsman en voleinder van ons geloof, die Here Jesus Christus."

34 Nou, die hele Ou Testament, en al Sy karakters en karaktereienskappe, was net 'n voorafskaduwing van die—die wig, of die sluitsteen, die Nuwe Testament, wat die wet en hierdie bedeling bymekaargevoeg het. Baie mense het na hierdie verwys as die Christen bedeling, maar dit is nie. Hierdie is die Heilige Gees bedeling. Die Christen bedeling het drie jaar en ses maande geduur. Die wet het vir 'n paar honderd jaar geduur. En dan is die Christen bedeling, dit wat die Nuwe en Ou Testament oorbrug, of by mekaar laat aansluit het.

35 En baiekeer sien ons, oorkant in die Bybel, en daar word baiekeer na verwys as: "Die Handelinge van die Apostels," word dit genoem. Ek hou altyd daarvan om daarna te verwys as "Die Handelinge van die Heilige Gees in die Apostels." Want, die apostels was net manne, maar dit was die Heilige Gees in die apostels, wat Sy beweging voortgebring het. En die Heilige Gees

is die Gees van die Here Jesus Christus wat neergedaal het op die Kerk, om die werke van die Here Jesus voort te sit, na Sy vertrek. Dit moet die Evangelie Lig gee, in 'n kleiner lig, as wat dit was toe Christus hier was.

36 Soos die maan en die son. Die maan kom op, om 'n lig te gee in die afwesigheid van die son, totdat dit weer kan opkom, dan gaan die maan onder. En die son is 'n soveel helderder lig, dat dit die maanlig laat vervaag. Maar wat is die maanlig? Dis 'n weerkaatsing van die son op die maan.

37 En dit is soos Christus. Toe Hy hier was, was Hy die Lig van die wêreld. Hy het weggegaan, en skyn terug op Sy Kerk, om Sy Lig te weerkaats in die wêreld vandag, vir Lig om in te wandel totdat Hy terugkeer. En dan sal alles-in-alles aan Hom gegee word. En Hy sal op die troon van Koning Dawid sit, en vir altyd en vir altyd regeer.

38 Nou, die Ou Testament wat 'n pragtige tipe is, ons tipeer daar en sien al daardie dinge met die mense gebeur, dat ons mag kyk na voorbeelde.

39 Nou, God wat soewerein is, en soos ek net vandag onderrig het, in 'n huis waarnatoe ek genooi is vir middagete. Hulle wou weet of hulle hulle geliefdes sou ken, wanneer hulle hulle in die Hiernamaals ontmoet het.

40 "Wel," ek het gesê: "sekerlik, sal ons hulle ken." Sien, ons—ons is in 'n . . .

41 Ons het drie verskillende liggame waarin ons woon. Een is die menslike, die ander is die hemelse, en die ander is die verheerlikte. En dan, as ons mekaar ken in die menslike liggaam, die sterflike liggaam, hoeveel te meer sal ons dit ken, mekaar, in 'n verheerlikte liggaam!

42 Dis soos, as die wet iets goeds kon voortbring, watter groter ding kan genade voortbring, want dis groter as die wet!

43 En as die maan 'n sekere gedeelte lig kan voortbring, hoeveel te meer sal die son helderder as dit skyn, wanneer dit kom! En ons sal beslis mekaar ken.

44 En nou is dit net soos, soos ek sê, ons bly toeneem in kennis, die mens. Jy weet nou meer as wat jy het toe jy 'n klein seuntjie of dogtertjie was, omdat jy slimmer word. En die hele menslike ras word slimmer. Maar, het julle opgelet, die diereryk word nooit slimmer nie? Jy weet, jy woon nou in 'n beter huis as wat jou oupa het. En jou kinders sal waarskynlik in 'n baie beter huis bly as wat jy nou het.

45 Maar net onlangs, ek dink, in die *Reader's Digest* of iewers, het ek in 'n artikel gelees van waar hulle 'n klein hennetjie gevat het, en haar in 'n hok gesit het, met niks om 'n nes mee te bou nie. En sy moes haar eiers op die hokvloer lê. En hulle het uitgebroei, die klein hennetjies. En hulle het daardie klein

hennetjies gevat en hulle in 'n hok gesit, sonder enigiets om 'n nes mee te bou. Toe hulle hulle uitgebroei het, vir vyftien geslagte, vyftien verskillende geslagte, om te sien of hulle die natuur sou verander. Toe, dit sou vyftien jaar neem, want die henne het net een nes eiers per jaar. En na vyftien jaar, het hulle die ander klein hennetjie vrygelaat, van sy opvolgers, van—van vyftien jaar, en het nooit 'n strooi gehad om 'n nes te bou, of niks nie; en hierdie hennetjie in 'n plek gesit, en die eerste ding wat sy gedoen het is om te gaan en 'n nes te bou. Die voëls bou hulle neste net soos hulle het in die tuin van Eden.

46 Maar die mens hou aan vooruitgaan, raak die heeltyd slimmer. Die hele . . . Jou oupa, soos ek gesê het, het by die ouma gaan kuier, in 'n ossewa. Jou pappa het by moeder gaan kuier, 'n perd en kar gery. Ek het by my vrou gaan kuier, in 'n model-T Ford. My seun het 'n agt-silinder speed-way, wat jy dit ook al noem. Die kleinkinders sal waarskynlik 'n straler hê.

47 Dis hoe, ons bly vooruitgaan, omdat ons 'n siel het. Nou, die voël het nie 'n siel nie. Maar ons het 'n siel. Ons is nie 'n skepper nie; maar ons kan verdraai. Nou, ons kan nie hout skep nie, maar ons kan hout neem, nadat God dit geskape het, en 'n huis daarvan maak. Want, ons is afstammelinge van God, seuns en dogters van God. Maak nie saak hoe gevalle ons is nie, ons moet steeds erken dat ons seuns en dogters van God is. In ons gevalle toestand, is ons steeds seuns en dogters.

48 God maak 'n belofte; God moet daardie belofte hou. O, ek hoop julle sien dit. As julle net vanaand kan verstaan en besef, kerk, sal julle nie van die een kant na die ander kant toe gaan, en by *hierdie* kerk en *daardie* kerk aansluit nie. Julle sou nie na die dinge van die wêreld soek, om julle plesier te gee nie. Julle sou nie van een genesingsdiens na 'n ander soek nie. Julle kon God op Sy Woord neem, en weet dat dit verby is. Sekerlik. Wanneer God 'n belofte maak, kan Hy nie daardie belofte verlaat nie. Hy is—Hy is verplig om Sy Woord te hou.

49 Ek het iemand hoor sê: "Wel, hulle—hulle het afvallig geraak, en terug." En jy kan dit doen. "Wel, ek is verlore by God." As jy ooit gevind was by Hom, sal jy nooit verlore wees by Hom nie, want God kan jou nie red en dan Sy rug op jou draai en jou wegwys nie. As Hy sou, verydel Hy Sy eie doel. So, Hy kan dit nie doen nie. So wanneer God . . .

50 Ons raak slimmer, maar God was oneindig van die begin af. Hy was volmaak. Hy raak nooit slimmer nie. Hy's altyd dieselfde. So, as 'n sekere krisis voorkom, en God het *so-en-so* opgetree tydens daardie krisis; as dieselfde krisis dan weer voorkom, as Hy nie op dieselfde manier optree nie, het Hy verkeerd opgetree toe Hy *hier* opgetree het. Sien? So Hy moet dieselfde wees, die heeltyd, ongeag van enige tydperk.

51 En hoe mense kan verduidelik en die Krag van Goddelikheid probeer wegneem, ek kan dit nie verstaan nie. Want, as Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, is Sy Krag dieselfde, is Sy gesindheid dieselfde. En net soos Hy toe was, is Hy nou, en sal vir ewig wees. Dit kan net niks van Hom wegneem nie. Dis al.

52 En as Hy opgestaan het in die dae van Sy aardse reis, en die siekes genees het wat nie deur dokters gehelp kon word nie, en hulle genees het; as Hy so opgetree het in daardie krisis, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, moet Hy dieselfde optree vandag, of Hy het verkeerd opgetree teenoor daardie mense. Sien?

53 As Hy 'n belofte daar gemaak het, en daarby moes bly, Hy 'n belofte *hier* maak, moet Hy daarby bly. Hy moet net. Daar's niks verkeerd met God, en Sy belofte nie. Die fout is by ons, het nie geloof om dit te glo, of om Hom op Sy Woord te neem nie.

54 Nou, julle sien, as ons die moed van die voël gehad het, sou ons opgetree het soos wat hulle aan die begin het.

55 Maar, ons raak so slim, ons verduidelik die hele wêreld weg, en sê: "O, dit was in 'n dag wat verby is," en ons bou 'n ander soort situasie. In plaas van God op Sy Woord te neem, begin ons net 'n nuwe organisasie. Sien? "Wel, *dis* hoe God dit sal doen, en *dis* hoe God dit sal doen."

56 As ons, net soos die voëls was, en nie verander het nie, en nie op die grondslag van vrye morele agentskap was nie, sou ons God net op Sy Woord geneem het, en dit sou dit afhandel, en dis al. "God het so gesê, so dis al wat daaroor te sê is." Hoe pragtig is dit, om te vind dat die ware en lewende God steeds vandag lewe. Te midde van al die chaos, lewe en regeer God steeds.

57 Nou, hierdie verbondsmense, Israel, onder in—in Egipte, as gevolg van ongehoorsaamheid, en omdat hulle hulle broer, Josef, verkoop het. En is onder na Egipte toe geneem, en was daar, onder slawerny, vir vierhonderd jaar. Ek wil hê julle moet oplet, hulle het nooit hulle verbond verloor nie. Hulle het hulle vryheid verloor, nie hulle verbond nie. Toe God die verbond met Abraham, Isak, en Jakob gemaak het, dat Hy by Homself gesweer het dat Hy Abraham en sy saad, na hom, sou red, is God verplig om daardie belofte te hou.

58 En Hy is net so verplig teenoor jou, met daardie belofte, as wat Hy teenoor Abraham was, met die belofte. Dis reg, as jy Abraham se Saad is. Hoe word jy Abraham se saad? "Ons wat gesterf het in Christus, word Abraham se Saad," sê die Bybel: "en is erfgename volgens die belofte," dan is God net so verplig teenoor jou as wat Hy teenoor Abraham was. Sê, dit sal al die vrees daaruit wegneem! God wil nie hê jy moet bang wees oor niks nie. Rus plegtig op wat Hy gesê het.

59 Wat ons nodig het vandag, is ’n mens wat die uur waarin ons lewe, sal uitdaag. Dis reg. In die dag van teenstrydigheid en al die res wat ingesluip het, onder die naam van godsdiens ensovoorts, en onder die naam van verlossing, die Evangelie. Ons het iemand nodig wat opgerig moet word onder ons, soos wat God Moses opgerig het om die plek in te neem in daardie dag. Ja.

60 Hulle het nie hulle verbond verloor nie. Hulle het hulle vryheid verloor. Hulle was slawe, maar die verbond het steeds gehou.

61 En eendag daaronder, toe hulle gekerm en gehuil het, onder die slawedrywers van Egipte, omdat hulle slawe geword het. Ek wil hê julle moet hierdie pragtige prentjie oplet. En hierdie sal goed wees vir wettiese mense. Luister. God het nooit afgekom en gesê: “Nou, as julle ’n *sekere* ding doen. As julle ’n *sekere* ding doen,” nie. God se genade het ’n verlosser voorsien, Moses. Dis reg. Nie onder enige voorwaarde is Moses gebring nie, maar alleen deur soewereine genade, het God vir Moses gestuur. Nie net ’n verlossser nie, maar genade het ’n saligmaker voorsien; sonder enige wet, sonder enigiets. Net uit suiwer genade van God, het Hy vir Moses soontoe gestuur om ’n—’n verlosser en ’n saligmaker vir die volk te wees, om hulle uit te bring.

62 Wanneer ek daaraan dink, dan begin ek onthou dat dieselfde God, wat by die verbondsvolk in Egipte was, is sekerlik . . . Onder al die spanning en die onverskilligheid wat die kerk vanaand is, sal Hy, deur die genade van Sy eie Wese, ’n verlosser stuur. Ons is net so seker om ’n uitstorting van die Heilige Gees te kry, in hierdie laaste dae, as wat ons in hierdie kerk sit vanaand. God het opgetree teenoor die verbondsmense, sonder enige poging van hulle af. Maar, Hy het vrylik van die Hemel af, ’n genadedaad, na Sy verbondsmense toe gestuur. Op die soewereiniteit van Sy belofte, het Hy vir Moses gestuur.

63 En in dieselfde krisis, toe die mense in ballingskap was, en in onder alles, die juk van sonde, en siekte en probleme vandag; is Hy net so seker om Jesus Christus die tweede keer te stuur, as wat Hy Moses in die eerste keer gestuur het. Toe die krisis ontstaan het, het God in soewereine genade opgetree. Hy moet dieselfde ding doen onder dieselfde daad, of Hy het verkeerd opgetree toe Hy destyds daar opgetree het. Sien julle dit?

64 Wat ek probeer tuisbring, is dit. Die grootste sonde wat ek in die Kerk vind vandag, is ongeloof. Dis die enigste sonde wat daar is. Daar is geen ander sonde as ongeloof nie. Hoeveel van dit, daarbuite, is nag, hoeveel is donker? Jy kan nie sê: “*Soveel* is donker,” wanneer alles buite my hande donker is nie.

65 Nou daar’s net een manier om sonde aan te dui en te bepaal. Dis nie of jy drink, óf of jy rook, óf of jy dobbel nie. Dit word *so* bepaal: omdat jy ’n ongelowige is, doen jy dit. En dis waar. Omdat jy dobbel, omdat jy lieg, omdat jy steel, daardie dinge is

nie sonde nie. Dis die resultate van sonde. Dis omdat ’n ander gees in jou woon. As jy ’n gelowige was, ’n streng gelowige, sou daardie dinge so dood en donker soos die nag voor jou wees. Sekerlik. Sien? Daardie dinge is eienskappe van ongeloof.

66 In Johannes die 3de hoofstuk, het Jesus gesê, dat: “Hy wat nie glo nie, is klaar veroordeel.” Jy is nie eers by die beginpunt nie. Jy is veroordeel, om mee te begin.

67 So, dit beteken nie dat jy ’n maatstok in jou kerk moet hê: “As jy *hierdie* doen; as jy *hierdie* reëls nakom; as jy *daardie* reël nakom,” nie. Baiekeer, sal mense sulke dingetjies aflê, om aan die kerk te behoort; en die ding is steeds in hulle hart, en hulle glip om en doen dit. Maar as ’n mens God se vereistes nagekom het, en wedergebore is uit die Gees van God, word daardie dinge uit sy lewe weggeneem. Hy wil hulle nie doen nie.

68 Kan jy jou ’n vark voorstel? Die vark sal na die mishoop toe gaan, en hy sal eet. Ek—ek blameer hom nie. Hy’s ’n vark. Dis wat hom dit laat doen. Maar jy sal nooit ’n lam dit laat doen nie. Want, daar’s twee nature. Die vark het een natuur, en die lam het ’n ander natuur. En solank as wat jy daardie selfde natuur in daardie vark hou, maak nie saak hoe jy hom probeer skoonmaak nie, hy sal dieselfde natuur hê, want hy is ’n vark, om mee te begin.

69 En daarom, baiekeer, neem ons mense en bring hulle in die kerk in, ensovoorts soos dit, maak hulle lidmate, wanneer hulle nooit gered is nie.

70 Dis die rede vandag, dat so ’n deurmekaarspul, soos voor die mense is, hulle nie weet na watter kant toe om te draai nie. Hulle sien mense wat Christelikheid bely, en glad nie anders as die wêreld is nie. Is omdat die persoon nooit in kontak gekom het, of ooit wedergebore is, nooit die Here Jesus aanvaar het, nooit in Hom geglo het nie. Hulle mag opgewerk gewees het. Hulle mag gedans het. Hulle mag geskree het. Hulle mag in tale gepraat het. Hulle mag al hierdie dinge gedoen het, maar nooit na die Persoon, Christus Jesus toe gekom het, en werklik wedergebore geword het nie. In hulle hart, sterf hierdie dinge uit, ’n natuur word verander, en ’n nuwe persoon word gebore.

71 Nou, toe Moses mondig geword het, het hy geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word. Daarna het hy die Egiptenaar doodgeslaan. Maar God was met hom buite by Midian, en het hom teruggebring. En ten aanskoue van daardie brandende bos, daardie dag, het hy ’n ondervinding ontvang wat hom bygebly het vir so lank as wat hy gelewe het. En soos ek gisteraand gesê het, so sê ek vandag, daardie man . . . maak nie saak hoe goed Moses geleer was, hoeveel teologie hy geken het, hoe ’n goeie kerklidmaat hy was nie. En hy het ’n goeie onderwyseres gehad, moeder. Hy is grootgemaak onder elke reël van opvoeding wat gedoen kon word. Hy was ’n koning

se seun. Maar hy het steeds, deur self te probeer, misluk om dit te bereik. Maar binne vyf minute in die Teenwoordigheid van die brandende bos, het hy 'n nuwe persoon geword. Iets het gebeur.

72 En wat ons vandag nodig het, in ons kweekskole, is nie soveel teologie wat onderrig moet word nie, maar 'n brandende bos ondervinding, waar mense kan neerkniel voor God en Hom van aangesig tot aangesig kan ontmoet. Ons het 'n uitdager vandag nodig, soos wat ons in daardie dag gehad het. Wat ons nodig het, is mans en vroue wat God ontmoet het, en weet waarvan hulle praat. Nie iemand wat probeer leer uit een of ander kerkboek, of een of ander oop teologie nie. Wat ons vandag nodig het, is 'n man wat in die teenwoordigheid van 'n brandende bos was, wedergebore is, en verander en 'n nuwe skepsel gemaak is. Dis die soort persoon wat ons vandag nodig het. Dis die soort persoon wat op die gevegsfront sal bly, ongeag van wat kom of gaan.

73 Moses het, nadat hy sy opdrag ontvang het, afgegaan na Egipte en die kinders van Israel verlos. Een groot fout wat ons vind, en een groot ding. Soos dit in daardie dag was, so is dit vandag. Wanneer, ons uitvind dat toe Moses afgegaan het en die kinders van Israel gekry het en hulle uitgebring het, die fenomeen gedoen is.

74 Nou hier is dit. Ek wil julle nie seermaak nie, wil julle nie skud of die vel van julle aftrek nie, maar ek wil die Waarheid preek. Daar's een ding daaromtrent, broer, die Waarheid sal jou nooit gewild maak nie, maar die Waarheid sal jou eerlik maak. Dis een goeie ding. En wil jy nie liewer eerlik as gewild wees nie? Natuurlik wil jy.

75 Nou, ek wil hê julle moet weet, dat, toe die fenomeen gedoen is, is wonderwerke gedoen, tekens en wonders. En toe hulle uitgegaan het, het die Bybel gesê: "'n Gemengde menigte het uitgegaan," 'n gemengde groep mense. Party van hulle, gelowiges; party, wat voorgegee het om te glo. Die—die groot wonderwerke is gedoen. Mense het uitgegaan as belydende gelowiges, en hulle was nie gelowiges nie.

76 En dis waar 'n groot klomp van ons probleme vandag lê. Ons kan ons vinger daarop plaas. Dis mans en vroue wat in die kerk inkom en bely om gelowiges te wees, en hulle is nie gelowiges nie. Ek het dit in die preekstoel gevind. Ek het dit in 'n gebedsry gevind. Ek het dit oral gevind, waar mans inkom, en vroue, wat gesê het: "Ek is 'n gelowige," en bely om 'n gelowige te wees, en hulle is nie gelowiges nie.

77 En dis wat Israel se probleme laat begin het. Toe hulle by 'n plek gekom het, wat hulle uitgevind het hierdie mense het uitgegaan. Sekerlik, die bonatuurlike is gedoen.

78 Dis wat ons in ons sfere vind vandag, in ons kerke. God het op die toneel gekom. Hy genees die siekes. Hy het die dooies opgewek. Hy het die oë van die blindes oopgemaak. Hy laat die

dowes hoor, die stommes praat. Hy genees die verlamdes. Hy neem kankers van die mense af weg. Ons. . . Dit kan nie ontken word nie. Dis by die duisende. En eenkeer het dit begin, van reg hier van Agtste- en Pennstraat af, en nou om die wêreld met tienduisend herlewingsvure wat brand op die heuwels van elke heidense volk en oraloor. Tekens en wonders word gedoen. Groot dinge beweeg. God is aan die beweeg! Ons is aan die endtyd, die kruispadtyd.

79 So ons vind uit, hierin, gaan 'n gemengde menigte. Baiekeer, sê mense van God: "Ja, ek is. Ek sal *hierdie* doen." En ons vind uit dat daardie mense vleeslik was. Net sodra die eerste spanninkie gekom het, het hulle begeer om weer terug te gaan Egipte toe. Hulle wou die knoffelpotte hê. Hulle wou die vis uit die rivier hê. Hulle wou die prei en die knoffel hê. Hulle wou die dinge hê wat hulle onder in Egipte gehad het.

80 Dis 'n pragtige en 'n perfekte tipe van die vleeslike kerklidmaat vandag. Hy's lief vir die wêreldse dinge, want hy's nie van God nie. Die Bybel het gesê: "As jy die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in jou nie." En Christus is reg in al Sy uitlatings. En dis waar. En vandag vind ons mense gaan uit. . .

81 O, ek wens God kon hierdie, op 'n manier, aan die linkerkant, onder die vyfde rib sit, en dit vasstamp. 'n Man, maak nie saak hoeveel jy probeer voorgee nie, wanneer dit by 'n spanning kom, sal 'n man sy beste en slegste punte onder spanning wys. Neem eenmaal 'n Christen, en sit hom onder 'n spanning en kyk hoe hy optree, en jy kan sê waarvan hy gemaak is. Almal kan goed aangaan, almal kan die Here loof, terwyl die Heilige Gees in 'n gemeente mense val; maar laat probleme kom, en kyk wat gebeur, kyk wat dan gebeur. Dan, val jy rond? Is jy een van die gemengde menigte? Is jy die persoon wat nie kan nie, soos die straatuitdrukking sê: "Dit nie kan vat nie"? Daar's dit, jy kan dit nie trotseer nie. Broer, as jy so geraak het, afvalligheid en op-en-af, en in-en-uit, hoekom kom jy nie na Gólgota toe en sterf vir jouself, en word wedergebore deur die Gees van God nie? Amen. Skaam julle; julle wat Christelikheid bely, julle wat in julle kerke lewe.

82 Ons het geen lidmate hier nie. Julle kom net hiernatoe. Julle behoort aan allerhande verskillende kerke.

83 Maar, julle mense wat bely om Christene te wees, en dan iets lewe daarbuite wat julle nie is nie, julle is 'n klad op die gemeenskap van die Here Jesus Christus. Amen. Julle wat bely om Christene te wees, en skaam is om Hom op Sy Woord te neem, of te getuig van Sy Krag en heerlikheid, op enige tyd, julle is 'n klad op die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. Dis waar. Dis reg. Staan by die Woord. Sink of verdrink, staan op Sy Woord.

84 Abraham moes dit doen, en het daardie dinge wat nie was nie, genoem asof hulle was. En hy het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.

85 Wat ons vandag nodig het, is om die wensbeentjie uit te haal, en 'n ruggraat in Christendom in te sit. Dis daar. Die ding wat ons nodig het, is 'n paar wedergebore Christene, mans en vroue, wat, as hulle probleme sien opkom, nie sal wegglip, nie afval, nie uithardloop in *hierdie* rigting, nie deelnemers daaraan sal wees nie, maar 'n man of vrou wat sal staan en hulle kleure wys. Selfs jou vriende sal jou meer waardeer as jy dit sal doen.

86 Watter man is hy, wat nie 'n vrou waardeer nie? Sy kan so lelik wees soos 'n heining van modder, en gesmeer met paddavisse. Sy kan so lelik wees as wat sy kan wees, maar laat haar 'n dame in karakter wees tot so 'n mate, om te staan vir die vroulike sedes. Daar is nie 'n man, in die land, wat nie sy hoed vir haar sal afhaal, as hy 'n ons manlikheid in hom het nie.

87 En as 'n man dit trotseer, as 'n gevalle seun van God, wat sal God Self dink van 'n man wat sal staan op sy oortuigings, reg "reg" sal noem, en verkeerd "verkeerd." Wat ons vandag nodig het, is 'n goeie outydse, Sint Paulus herlewing, en die Bybel Heilige Gees weer terug in die kerk.

88 Daar's soveel van hierdie papbroekige aanganery, in die naam van Christelikheid, wat wegneem; soveel denominasie, soveel teologie, soveel geleerdheid. En ek probeer nie ondersteun. . . Mense loop, in elk geval nie, so kreupel as wat die kerk is nie. Hier is dit. So kreupel soos wat die kerk is, is geleerdheid nie jou kruk nie. Jou geloof is jou kruk. Amen. Reg. Geleerdheid sal dit nooit doen nie. Die denominasie sal dit nooit doen nie. Daar sal nooit 'n organisasie ooit die bovertrek-ondervinding vervang nie. Daar sal nooit 'n skool wees wat ooit die plek van Pinkster sal inneem nie. Dit kan nie wees nie. "Nie deur krag nie, of geweld nie, maar deur My Gees, sê die Here." Dis wat ons vandag nodig het, gaan terug-na-die-Bybel-toe ondervinding. Christene wat wedergebore is, en gewas is in die Bloed van die Lam, wit gemaak, geregeneer, twee keer gebore. Wat die wêreld nodig het vandag: 'n herlewing, 'n outydse herlewing, die soort wat Sint Paulus gehad het in ongeveer 66 nC.

89 Nou, my broer, suster, ons hou hierdie gemengde menigte dop wat opgaan. Naderhand, begin hulle kla.

90 Dis wat ons in elke beweging van God vind. Dis wat julle Metodiste in julle kerk vind. Dis wat julle Baptiste in julle kerk vind; julle Presbiterane, Pinksters, wie julle ook al is. Jy vind hulle. Dis 'n gemengde menigte. Dis wat dit was. Toe John Wesley 'n herlewing gehad het, lank terug in die sewentiende eeu, het 'n gemengde menigte ingegaan. Toe Martin Luther 'n herlewing gehad het, het 'n gemengde menigte opgegaan. Toe die

Baptis, deur John Smith, 'n herlewing gehad het, het 'n gemengde menigte opgegaan. Toe die Pinksters 'n herlewing gehad het, het 'n gemengde menigte opgegaan. En dis presies wat dit op die rak sit. As dit die regte, egte artikels was, sou in die kerk gebly het, en sou daardie ander uitgebid het, en aangegaan het. Daar sou steeds 'n herlewing in die Metodiste, Baptiste, Presbiteriaanse, en Pinksterkerk gewees het. Dis 'n gemengde menigte.

91 Hulle het uitgegaan. Sodra hulle daar gekom het, het hulle begin kla. Hulle was net drie maande buite in die woestyn, toe het hulle begin sê: "O, as ek tog maar 'n bietjie knoffel gehad het! As ek tog maar 'n bietjie prei gehad het!" Hulle was daarbuite, en het knoffel vervang met Engele voedsel, en het gekla. Hoekom? Hulle gastronomie was nie in staat om Engele voedsel te verteer (in staat) nie.

92 Dis wat die probleem vandag is. Ons het nie 'n outydse Heilige Gees herlewing gehad nie, en ons geestelike gastronomie is nie in staat om die regte, goeie, outydse Heilige Gees, vas-hou-herlewing te verteer nie. Toonbank; ons het 'n Doktersvoorskrif nodig, dis dokter Jesus se voorskrif, wat ons sal regsien. Sekerlik.

93 Hulle hou nie vas nie. Hulle gaan aan; hulle gaan terug. Net die eerste klein dingetjie wat opkom; kla, stry, baklei. Hulle neem . . . 'n Kerk wat een van daardie goed laat begin, dis soos 'n kanker. Dit sal die hele kerk doodmaak. Dis reg. Ons behoort dit te begin en uit te kry.

94 Nou, toe hulle nie baie ver gegaan het nie . . . Dink nou, Engele voedsel geëet, wat afgekom het uit die Hemel, en het gekla. En hulle het water uit 'n geslaande Rots gedrink; die suiwer, heilige waters van die Lewe, en het gekla. Hulle wou die modderige water van die Nyl hê.

95 So is dit vandag! Mense sê: "O, prediker, jy's te eng. Jy neem al die plesiere weg van die kerk, wanneer jy begin preek teen *hierdie* soort dinge en *daardie* soort ding."

96 Broer, as die kerk gestaan het waar sy bely, vandag, sou sy die dinge van God liefhê, en die dinge van die wêreld haat. Het 'n gemengde menigte gekry, en dis wat die probleem is vandag. 'n Gemengde menigte, 'n volk wat verlang na die dinge van die wêreld, en wil rondspeel met die kerk. Dis wat maak dat hulle struikel en val. Dis wat biduur afsny. Dis die manier, georganiseer met allerhande soort verenigings in die kerk, en neem die altaar weg uit die voorste kerkbank. En die enigste vuur wat dit het, is in die kelder. Dis wat vir die prediker sê om vyftien minute te preek, en dit te maak oor blommekranse of rooi voëls, of iets.

97 Maar, ek sê julle, 'n wedergebore Kerk van die lewende God wil die Evangelie hoor. Want, 'n man wat gebore is uit die Gees van God, Jesus het gesê dat die . . . "Die mens sal nie van brood

alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Het beslis.

98 Gemengde menigtes! Hulle het opgegaan. Ja. Hulle het hulle groot spoggerige posisies van Egipte verlaat, gespog met hulle materiële idees, in hulle meganiese toestelle, in hulle mediese wetenskap, soos wat hulle gehad het in hulle meganika. Hulle het gespog met hulle posisies. Hulle het dit verlaat, om te reis saam met die groot Geneesheer, en het steeds gekla.

Is dit nie net soos die gemengde menigte vandag nie?

99 En die eerste ding waarvan jy geweet het, het hulle by 'n plek met die naam van Kades-barnéa gekom. Kades-barnéa is die oordeelsbank, was die oordeelsbank van die wêreld. Die regte naam van die plek, die betekenis daarvan, was: "'n groot super fontein" wat opgeborrel het langs hierdie klomp palmbome wat in die woestyn gestaan het, waar 'n paar klein hutjies, wat 'n stad genoem is, 'n woonplek van 'n volk mense, 'n klein handjievol mense. En oral daarlangs, is die klein fonteintjies wat oral opgeborrel het, gevoed uit hierdie een yslike groot fontein.

100 Wat 'n pragtige prentjie van die kerk, buite in die woestyn, waar alles na Kades toe moes kom om water te kry. Alles moes na Kades toe kom, om water te kry. En daarom, die een groot fontein, en het die ander fontein gevoed. Dit is 'n tipe van die Hemel. Dit is 'n tipe van die oordeelsbank van God, waar dat die oordeel begin by die huis van God. En waar hierdie een groot fontein gevoed het, en die ander fonteintjies van daar af uitgeloop het, beteken: "die Hemel wat die oordeelsbank van Christus is, en al die kerke gee lewe, water, in die oordeelsbank," waar die mense ook al na die kerk toe kom om geoordeel te word.

101 Die probleem daarmee is, vandag, mense kom kerk toe en hulle word op die rug geklop, en die dinge. Dis omdat hulle betaal op die kollektebordjie; omdat hulle 'n diaken word; omdat hulle iets anders word, van die kerk. Of, óf, in 'n beter motor ingery kan kom of beter klere kan dra, of—of so-iets. Jy word gerespekteer en op die rug geklop.

102 Broer, wat ons vandag nodig het, is 'n paar outydse predikers wat swart "swart" sal noem, en wit "wit."

103 Soos Johannes die Doper, toe hy uit die woestyn van Judéa uitgekom het, was hy nie baie goed aangetrek nie. Hy het 'n stuk skaapvel om hom gehad, met 'n leergordel, lap van kameelhaar om hom gedraai. En hy het uitgekom en bekering gepreek. En toe Heródus sy broer, Filippus, se vrou gevat het, en met haar getrou het, daar na die diens toe gekom het. Ek kan my voorstel dat die diaken gesê het: "Jy moenie vanaand oor troue en egskeiding preek nie, want daar's 'n belangrike man in ons midde vanaand. Jy moet glad nie so-iets doen nie."

104 En kan jy jou voorstel dat 'n man wat die Heilige Gees in sy moeder se skoot ontvang het, ooit enigiets sou terughou wat

sonde was? Johannes die Doper het die Heilige Gees ontvang, drie maande voordat hy gebore is. Hy was dood, in sy moeder se skoot. Die eerste noem van die Naam van Jesus, het hy geskop en gespring in die moeder se skoot. Kan jy jou 'n man voorstel wat die Gees van die doop van die Heilige Gees ontvang het, drie maande voordat hy gebore is, wat toegee vir die dinge van die wêreld?

105 Reguit uitgeloop en sy vinger onder sy neus gedruk, en gesê: "Dis nie wettig vir jou om haar te hê nie." Dis die manier. Dit—dit het sy kop gekos. Maar hy is onsterflik, vanaand, onder daardie verlostes, in 'n ander wêreld. Amen. Dis nie gewild nie, maar dis Waarheid. Amen. Let op!

106 Moenie bang word wanneer ek "amen" sê nie. Beteken: "Laat dit so wees." Ja. Dis reg. Nou, ek weet ek raak 'n bietjie opgewonde, nou en dan. Julle dink ek is opgewonde, maar ek is nie. Ek weet waar ek staan. Ek weet net presies waar ek staan, weet waarvan ek praat. Ek weet van Wie ek praat; die Here Jesus Christus. Let op hoe pragtig!

107 En hulle het begin murmureer en kla, en uiteindelik is hulle na Kades toe gebring. En toe hulle by Kades gekom het, hierdie oordeelsbank, oordeel, toe is die hele ding bymekaargebring.

108 En een glorieryke dag, en ek glo daardie dag is net nou op hande, wanneer daar 'n skeiding sal wees tussen die regte en die verkeerde. En ek glo ek kan genoegsaam bewys, deur die Skriftuurlike gesag, dat die merk van die dier en die Seël van God, of die mense van God, spoedig gaan plaasvind, en selfs nou plaasvind. Die merk van die dier is die merk van afvalligheid. Die merk van die dier was diegene, wat die regte verwerp het; hulle oor is deurboor, om die res van hulle dag verkeerd te wees. Hulle wat die Seël van God ontvang, is die doop van die Heilige Gees. Efésiërs 4:30 sê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing." Dit het 'n punt bereik waar 'n persoon nie meer middelmatigheid kan uithou nie. Dis reg.

109 Net soos 'n kêrel wat probeer Hemel toe gaan het. Hy het 'n handvol kaartjies gehad. Die man het vir hom gevra toe hy op die trein geklim het, gesê: "Waarvoor is daar soveel kaartjies?" Een van hulle was Metodis, een was Baptis, een was Christen Wetenskap, een was Sewende-dagse Adventis, een was alles. Gesê: "Waarvoor het jy al hierdie kaartjies?"

110 Hy het gesê: "Wel, ek sal jou sê, meneer." Gesê: "Een het bly sê *dit* was reg, en *dat* is reg, en ek het hulle almal probeer." Gesê: "Ek het gedink ek sal 'n kaartjie van almal van hulle bring." En hy is veroordeel.

111 Broer, daar is net een manier om in die Hemel te kom, dis deur Christus Jesus, om wedergebore te word deur die Heilige Gees.

"As iemand nie weer gebore word nie, sal hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie," het ons Here Jesus Christus gesê. Amen.

112 Wat 'n dag waarin ons lewe, vriend! Wat 'n tyd waarin ons lewe! Wat 'n verandering! Wat 'n skudding! God het altyd Sy Kerk bevestig. God sal, altyd! Ek sê nie hulle kom almal na die Branham Tabernakel toe nie. Ek sal nie sê hulle almal gaan Wallstraat toe nie. Ek sê nie hulle almal gaan na die Christenkerk toe, of watter kerk ook al nie. Ek sê dat God, in elke kerk, Sy lidmate het, Hy het Sy lidmate van Sy Liggaam wat wedergebore is. En hulle is diegene wat getrou is aan God. Hulle is diegene wat die Here Jesus liefhet met hulle hele hart, en met hulle hele siel. Jy sal hulle vind besig om hulle Bybel te lees, in die biduur, besig om alles te doen wat hulle kan vir die Koninkryk van God. Dis reg.

113 Maar die gemengde menigte is net oorweldigend, en verswelgend, en probeer hulle terugtrek na die dinge van die wêreld. Wat ons vandag moet hê, is nog 'n Kades-barnéa, dis reg, waar die oordeel begin.

114 Wat het toe gebeur? Korag het opgestaan en gesê: "Daar is nog heilige mense behalwe Moses." En hy het 'n groot groep bymekaargemaak. En hy gaan toe uit met hierdie groot groep, en hy sê: "Ons is profete. En ons is *dit*, en ons is *dat*."

115 En wat het gebeur? God het vir Moses vertel, gesê: "Sonder jou af van hom." En Hy het die aarde oopgemaak en hulle ingesluk. Dit was die einde van daardie klaers, en die einde van daardie mense wat saam met Korag gegaan het.

116 Wat het toe gebeur? God het gesê: "Ons gaan. . . " Vir Moses gesê: "Stuur 'n paar spioene oor om die land te verken, waarnatoe ons gaan, waar Ek vir julle belowe het." As God vir hulle gesê het dis 'n goeie land, as God al Sy beloftes gemaak het, lyk dit of dit enigiemand tevrede sou gestel het, as God so gesê het.

117 Nou, ons sal—ons sal, elke keer, skree: "Prys die Here," daarop. Maar, broer, dieselfde God wat vir hulle daardie belofte gemaak het, maak vir ons elke belofte wat Hy vir hulle gemaak het. Hoekom betwyfel ons dit?

118 "Wat probeer jy sê, Broer Branham? Is dit 'n gemengde menigte?" Ja, presies, dis reg. Dis 'n gemengde menigte. En ons is net nou by Kades, waar julle sal . . . [Leë kol op band—Red.]

119 Groot manne in die land! Ons het 'n Jack Schuler gehad, 'n Billy Graham. Ons het Oral Roberts gehad, Tommy Hicks, Tommy Osborn. Ons het baie magtige manne gehad wat heen-en-weer deur hierdie nasie gegaan het. En, vanaand, is daar meer smokkelhuise as wat daar kerke is. En hulle groei die heeltyd. Wat is fout? Daar's 'n gemengde menigte.

120 Laat ek vir julle iets vertel. Laat hierdie nasie nie net een uur uitroep, 'n sekere dag, opsy gesit vir biduur, waar

omtrent een persent van eenduisend sal probeer om dit te besoek nie. Jy laat hierdie hele nasie hulle na God wend, en elke smokkelhuis toemaak, elke stokery afbreek, en elke dranksmokkelhuis vernietig, en al die dinge; en hierdie ou vuil kortbroekies vir die vroue uittrek, en dit 'n strafbare oortreding maak om hulle op straat te dra; en die tuiste, en die huis, en die kerk skoonmaak; en predikers agter die preekstoel sit, in plaas van een of ander dosente; sal 'n outydse herlewing laat ontstaan, waar mans en vroue sal uitroep na God, sal ons 'n herlewing laat hê wat oor die land sal gaan, en dis die beste verdediging wat ons ooit gehad het. Dis die enigste ding in die wêreld wat die atoombom sal stop. Julle het 'n bomskuiling, onder Sy vlerk. Amen. Dit is reg. Let op.

121 Die Kades-barnéa het gekom by 'n plek waar daar 'n oordeel moes wees. En Moses het twaalf gekies, een uit elke stam, en hy het hulle oorgestuur om die land te verken.

122 Toe hulle teruggekom het, wens ek julle wil oplet watter verslag! "O," hulle het gesê: "dis 'n goeie land. O, dis 'n wonderlike land. Dit vloei met melk en heuning."

123 "Maar," het tien van hulle gesê: "ons kan dit nie inneem nie. Ons kan dit nie inneem nie. O," gesê: "ons het die—die Amoriete ontmoet, die Medianiete, en—en die Kanaäniete, en dit alles. Wel, ons het soos sprinkane gelyk, teen hulle. Hulle is yslike groot kêrels. En hulle stede is heeltemal ommuur, en daar's geen manier vir ons om ooit in te kom nie. O, ons harte beswyk binne-in ons. Ons kan dit nie inneem nie." En, die gewilde stem van die mense, het die mense dit aanvaar.

124 Maar daar het twee daar gestaan, een genaamd Kaleb, en een genaamd Josua, wat 'n tros druiwe teruggebring het, wat twee mans dit moes dra. Kaleb het gesê: "Bly stil, voor die profeet. Bly stil." [Broer Branham slaan vier keer op die preekstoel—Red.] Hy het gesê: "Ons is meer as in staat om dit in te neem. Kom ons gaan kry dit, onmiddellik!"

125 Wat ons in hierdie uur nodig het, is 'n man wat die belofte van God kan uitdaag voor die mense. God het die uitstorting van die pinksterseëning belowe in die laaste dae, ek bedoel 'n regte pinkster-uitstorting, en dis tyd daarvoor om te kom. Nog 'n Kades-barnéa het gearriveer. Ja, meneer.

126 Hulle het gesê: "Ons kan dit beslis doen. Sekerlik, kan ons dit doen." Wat was dit? Daardie lafhartige kerklidmate het gekyk na wat hulle met hulle oë kon sien, maar Kaleb en Josua het gekyk na God se belofte. Ek gee nie om hoeveel teenstand hulle gehad het, hoe groot die reuse gelyk het, hoe groot die heinings gelyk het nie, hulle het gekyk na God se belofte.

127 En elke man en vrou vanaand, wat wil vorentoe gaan met God, moenie enige aandag skenk aan wat die wêreld sê, of ons kan, en of ons nie kan nie; God het dit belowe, en dit handel

dit af. "God het so gesê!" Ek hou daarvan. Wanneer God so sê, handel dit dit vir altyd af.

128 Ek sê julle, vanaand. Ons het baie valse voorgee gehad. Ons het baie opgemaakte geloof gehad. Ons het baie goed gehad wat aangegaan het vir 'n vertoning. Sekerlik. Die duiwel gooi altyd sy voorlopers na jou toe, as 'n vervalsing om die mense bang te maak. Ons het 'n valse Pinkster gehad. Ons het 'n valse reën gehad. Ons het 'n valse *dit* en *dat* gehad.

129 Maar te midde van dit alles, is daar 'n egte doop van die Heilige Gees. Daar's weer 'n egte pinksterseëning. Daar's 'n egte Goddelike genesing. Daar's 'n egte Gees. Daar's egte mense. En dis tyd vir die mars. Dis reg.

130 Die mense, by die besluitnemingsuur nou! Jy moet jou besluit maak. Hierdie kerk moet sy besluit neem. Elke mens kom by 'n punt waar daar 'n kritieke uur is. Daar het 'n kritieke tyd gekom, waar jy jou besluit moes neem. 'n Oordeelsbank, waar jy was. Jy moes sê: "Ek is skuldig," of: "Ek is nie skuldig nie." Wanneer jy voor die regter staan, moet jy jou besluit neem.

131 En, vanaand, moet die Branham Tabernakel sy besluit neem. Ons gaan óf vorentoe gaan, óf agteruit gaan. Dis reg. Julle gaan óf terug na knoffel en—en prei, en goed van Egipte, óf julle gaan aan na Engele voedsel, na die beloofde land, waar God 'n belofte gemaak het. Ons gaan vorentoe na 'n outydse, Heilige Gees herlewing; of julle sal papbroekig wees, rondgaan, en pik soos 'n mossie aan 'n appel, tot die dag wat jy doodgaan. Jy moet jou besluit neem. Jy kan nie voortgaan nie. "Hoekom hink julle op twee gedagtes?" het Elía gesê. "God God is, dien Hom. As Hy nie God is nie, moet Hom dan nie dien nie."

132 As dit die regte ondervinding van God is wat die sonde uit 'n mens se hart wegneem, en nie om aan 'n kerk te behoort, of aan 'n kliek, of aan 'n organisasie, waarteen ek niks te sê het nie. Daardie dinge is in die haak. As . . .

133 Geleerdheid sal dit nie bring nie. Ons het baiekeer probeer en lekkende reënwatertenks daaruit gekry. Ons het eenkeer gedink, toe ons die groot vier gehad het, dat dit al die oorloë sou besleg. Dit het nie die oorloë besleg nie. Dit het 'n lek daarin gehad. Ons het eenkeer gedink, dat die opvoedkundige program die hele wêreld sou red. En ons het opgevoed, en wat het ons? 'n Klomp opgevoede ateïste. Dis presies reg. Ons het gedink dat die verenigings op 'n tyd die wêreld sou red. En ons het uitgevind dat die ergste misdadigers wat ons het, uit hulle sogenaamde verenigings gekom het. Opvoeding en vereniging sal nie die wêreld red nie.

134 Daar's net een Verlosser van die wêreld, en dis die Bloed van Jesus Christus wat vryelik uitgestort is op Gólgota, vir die vergifnis van elke sonde wat 'n mens ooit gedoen het. "Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van

ons ongeregtighede verbrysel, die straf van Sy . . . ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Ek daag enige man of vrou uit, in die Naam van Jesus Christus, om God op Sy belofte te neem, vanaand, en te kyk of dit reg of verkeerd is.

135 Ek het gesien dat die dooies opgewek word; toe die dokters weggeloop het, hulle dood verklaar het. Ek het gesien hoe die blindes laat sien is, wat heeltemal blind was vir jare en jare. Ek het die dowes gesien, en die blindes, en die kreupeles, en die verlamdes; wat geskop, en gespring het, en die Here geprys het. Ek het prostitute van die strate af sien kom en dames word. Ek het dronkaards uit dobbelhuise sien kom, en plekke van dinge van hierdie wêreld, en here en heiliges word. Ek daag enige mens uit om iets anders te bring wat dit kan doen.

136 Ek het manne gesien wat by die Alkoholiste Anoniem aangesluit het om gesond te probeer word. Inspuitings gekry, alles gekry, en al die sielkunde in die wêreld, en die beste soort dokters wat jy kon kry om hulle te behandel, en misluk het. En ek het daardie selfde man gesien wat opgetel word deur die Bloed van Jesus Christus, en 'n heilige van God gemaak word, en 'n prediker van die Evangelie. Amen.

137 Dink ek is 'n holy-roller? Miskien is ek. Reg! Maar as dit die naam van "holy-roller" neem om guns by Christus te vind, en veroordeel te word deur die wêreld, dan is ek een van hulle. Dis reg. Kyk. Ek het Hom lief.

138 Julle het 'n besluit om te maak. Julle is by Kades, julle sien; sien, kan nie baie langer staan nie. Waarom hink julle op twee gedagtes? Waarom is die kerk nie aan die brand nie? Hoekom is die plek nie volgepak met mense nie? Waarom word groot tekens en wonders nie gedoen nie? Moet dit nie op die pastoor lê nie. Dis julle. Ons het 'n gemengde menigte; een wat een kant toe trek, en een na die ander. Julle moet by 'n plek van besluitneming kom. As dit die pastoor is, dank hom af, kry hom uit en sit iemand anders in wat sy plek sal inneem. As dit 'n diaken is, verwyder hom van die raad en sit iemand anders in sy plek, wat die plek sal inneem. Wat gaan jy doen, broer? God het die verantwoordelikheid op jou geplaas. Dis reg. En elkeen van ons moet rekenskap gee van ons eie sondes, en antwoord op die Oordeelsdag. Ons is in Kadesbarnéa!

139 En God se Woord het gesê ons kan dit inneem. God se Woord het gesê ons kan 'n herlewing hê. God se Woord het gesê dat Hy in die laaste dae, al hierdie tekens en wonders hier sou oprig. En Hy het dit gedoen. Elke mens staan op sy plek, maar wat ons moet doen, is om bymekaar te kom en die herlewing te begin. Wat kan ons doen? Jou besluit mag nou kom. Jou besluit mag op 'n sekere ander tyd kom. Maar as dit nou gekom het, beter jy dit beantwoord. Jy sê: "O, broer, ek's . . . Wel, ek sal eendag 'n besluit

neem." Jy moet dit maak. En net nou is die tyd om dit te maak. Daar's 'n tyd toe jy gehad het . . .

140 Toe jy met jou vrou uitgegaan het, my broer, moes jy 'n besluit maak of jy gaan trou of nie. Jy moes 'n besluit maak. Dit mag kom, party wat so sê: "Jy moenie trou nie." Party sê: "Wel, jy beter trou." Een sê: "Wel, jy's gelukkiger as jy getroud is." 'n Ander sê: "Jy sny jou keel af." Al hierdie verskillende dinge. Jy moes die besluit maak. Dis reg. Die oordele, van Kades-barnéa, het gekom vir jou.

141 "Miskien moet party van julle hier net geskei wees." Daar moet 'n tyd wees, een of ander tyd, wanneer verskille in 'n familie kom. Dit moet uitgestryk word, op 'n manier. Jy moet 'n besluit maak. Laat ek vir jou sê, my broer, vanaand, is, die besluit om te neem, jy en jou vrou wat julle arms om mekaar sit, as julle voor God sal buig, en op julle knieë gaan, en 'n besluit neem dat julle Jesus Christus sal dien, en Hom alleen, dan sal die egskeidingshowe leegloop. Reg! Geen gesprek met jou prokureur is nodig nie. 'n Gesprek met jou Verlossser is nodig. Dis reg. Die prokureur mag jou raad gee, maar die Verlosser kan jou red. Die prokureur mag jou 'n bietjie sielkunde gee, bietjie van sy sielkundige studies, maar Jesus Christus kan vir jou Sy genade en liefde gee. Dit sal die plek van alles daarvan inneem.

142 As jy siek is vanaand, moet jy 'n besluit maak, of jy Christus gaan aanvaar as jou Geneser, of nie. Jy kan nie besluiteloos, traag wees daaroor nie. Jy moet sê: "Ek glo Hom," of: "Ek glo Hom nie." "Ek gaan gesond word," of: "Ek kan nie. Ek het nie genoeg geloof om gesond te word nie." Jy moet jou besluit maak.

143 As jy 'n sondaar is, vanaand, moet jy jou besluit neem. Jy is by Kades-barnéa. Jy is by die plek van die oordeelsbank.

144 Wat was daardie fonteintjies? Is kerke, verteenwoordig, wat uitgegaan het, waar die oordeel begin by die huis van God. Jesus het so gesê. Die—die Bybel het so gesê. Oordeel begin in die huis van God. Ons is in die Huis van God, vanaand, en jy moet jou besluit neem.

145 Jy moet jou besluit neem, of jy na Christus toe sal kom, óf of jy Hom gaan weier vanaand. Elke sondaar hierbinne moet daardie besluit net nou maak.

146 Jy gaan óf by daardie deur uit, 'n beter man of vrou as wat jy ingekom het, óf jy sal slegter uitgaan as wat jy was toe jy ingekom het. Jy kan nie in die middel staan vanaand nie. Jy moet dit neem.

147 Dit was op my hart, nou is dit op . . . Dit was op my hart, nou is dit op jou hand. Jy moet jou besluit neem. En jy moet 'n besluit neem. Jy was miskien 'n goeie kerklidmaat. Miskien het jy altyd begeer dat jy meer van God wou hê. Jy mag miskien iets vir God wou doen. Onthou, jy is net een maal sterflik, en daardie een keer is die enigste tyd wat jy sterflik gaan wees. En hierdie mag die

tyd wees wat jy jou besluit moet neem. Jy gaan óf vorentoe gaan met God, óf bly waar jy is.

148 Jy mag dalk vanaand jou besluit moet maak. As dit is, bid ek dat jy alles sal losmaak. Onthou, ek gee nie om wat dit is nie, of dit werk is, of dit familie is, of dit geliefdes is, of dit vriende is, of dit vennote is, of wat dit ook al is, los alles. "Hy wat selfs sy hand aan die ploeg slaan, en selfs omdraai om terug te kyk, is nie werd om te ploeg nie." Dis reg. "Lê elke las af en die sonde wat julle so maklik omring." Wat is dit? "Lê elke las af, en die ongeloof wat julle so maklik omring, en loop hierdie wedloop met geduld, wat voor julle lê."

Sal ons bid.

149 Hemelse Vader, in Jesus Christus' Naam, die Seun van God, sluit ek hierdie boodskappie af, en werp dit op die mense se hart. U wat die hart van alle mans en alle vroue ken, U wat die hart van elke seun en meisie ken, die hart van elkeen ken. U ken my hart. En die heelpad van die preekstoel af tot die opsigter, Here, ken U die hart van elke persoon. U weet wat ons nodig het. Ons weet nie. Die enigste ding wat ons weet, ons weet ons het Jesus nodig.

150 En, O Christus van God, kan U belowe (nee, Here) en dit nie vervul nie? U het gesê: "Waar twee of drie vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees. En as hulle enigiets in My Naam sal vra, sal Ek dit doen." Wat 'n uitdaging aan ons kerk, Here! Wat 'n uitdaging aan ons gemeenskap! Wat 'n uitdaging aan ons mense, vanaand, wat U vir ons gegee het! "As julle enigiets nodig het, vra van God. Hy sal dit gee."

151 Nou bid ek, Dierbare Hemelse Vader, dat, vanaand, dat U die Heilige Gees van oortuiging vryelik sal uitstort, en elke hart oortuig van hulle behoefte. En myne, daarmee saam, Here, soos ons wag op U, in Christus' Naam.

152 Nou terwyl ons ons hoof gebuig het, sal die suster vir ons 'n akkoord op die klavier gee. Ek gaan vir julle 'n vraag vra. Hierdie mag julle tyd van besluitneming wees.

153 Hoeveel hierbinne, is daar een man of vrou, seun of meisie, wat nie 'n Christen is nie, wat 'n sondaar is? En jy wil 'n besluit neem vir Jesus Christus, en jy voel dat Iets aan jou hart klop op hierdie tyd? Sal jy jou hand opsteek vir jou besluit, en sê: "Ek neem nou my besluit om Christus te dien"? God seën jou, meneer. Iemand anders? "Ek neem nou my besluit." God seën jou, dametjie. Iemand anders? God seën jou, daaragter, dametjie.

154 Iemand anders, jou besluit neem? "Ek sal Jesus Christus nou dien. Ek het aan die einde gekom. Ek het by die krisis gekom. Hierdie is die uur. Ek's by Kades-barnéa. God staan in my hart. Is ek in staat om oor te gaan? Kan ek my vriend verlaat? Kan ek my wêreldse kennisse verlaat? Kan ek die grens oorkant oorsteek, na die beloofde land, waar God belowe het? Sal ek 'n Kaleb wees, sal ek 'n Josua wees, in die geskiedenis van tyd. Sal ek 'n Kaleb of 'n

Josua in die boeke van God wees? Of, sal ek, vanaand, terugdeins met my lafhartige, papbroekige ingesteldheid, en terugbeweeg?" God, neem dit weg van elke man en vrou, en laat hulle 'n besluit neem, haar neem vir Christus vanaand. Sal jy jou hand opsteek? Ek . . . Nog een. God seën jou. Ek sien jou daaragter.

155 Nog iemand? Aan die buitekant, wat sou opstap na 'n venster iewers? En jou hand op die venster lê, te sê: "Ek sal my besluit vir Christus neem. Ek's by Kades-barnéa, Broer Branham."

156 Is daar nog iemand hierbinne wat dit sal doen? Is daar 'n afvallige wat sou sê: "Ek sal my besluit neem, vanaand. Die weë van 'n oortreder is moeilik. Ek sal nie meer die wêreld dien nie. Van hierdie aand af, vorentoe, sal ek Christus dien. Ek neem nou my besluit. Ek sal my hand opsteek. Ek was 'n sondaar. En ek was 'n Christen, maar ek was afvallig, en ek wil hê God moet my genadig wees."

157 Is daar een hier vanaand, wat 'n Christen is, wat 'n man of 'n persoon van God is, maar jy was traag in die weg, jy het nie gedoen wat God vir jou gesê het nie. Jy was op-en-af. Jy het geluister na dinge waarna jy nie moes luister nie. Jy het dinge gedoen wat jy nie moes doen nie, en jy wil hê God moet jou vergewe. En jy wil 'n nuwe begin hê van vanaand af vorentoe. Jy sal jou besluit net nou vir God neem en sê: "Ek sal dit doen"? Sal jy jou hand opsteek? God seën jou. God seën jou, jou, jou, jou. O, dis gaaf. Goed.

158 Enigiemand anders jou hand opsteek? Ek wil hê jy moet jou hand opsteek. Dis jou besluit, vir God. God sien jou hand. Jy sê: "Wat help dit?" O, steek een maal jou regterhand op na God, en vind uit wat dit doen. Steek jou regterhand op, in die howe, sweer 'n leuen, en kyk wat met jou gebeur, jy sal daardeur gevang word. Steek jou hand op na God en maak 'n belofte, en kyk dan of die Heilige Gees jou nie vang daarmee nie. Wanneer God by jou hart se deur is, neem jy jou besluit. [Broer Branham klop een-en-twintig keer op die preekstoel—Red.]

159 Jy is by Kades-barnéa. Oorkant lê elke seëning wat God vir jou belowe het. Oorkant lê 'n outydse herlewing. Daar lê vreugde, vrede, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, saggeaardheid, geduld, wat voor jou lê, en jy neem dit nie in besit nie. Dis joune. God het dit vir jou belowe. Wil jy dit hê?

160 Is daar 'n familie hier, wat gereed is om te verbrokkel? Julle stry en baklei met mekaar, en julle weet julle moet dit nie doen nie. Jy is skaam, oor die manier wat jy met jou vrou, of jou man optree, en jy wil hê God moet, vanaand, deur Sy genade, vir jou genade gee om te oorwin, om jou arm om hom of haar te sit, en te sê: "Skat, deur die genade van God, van vanaand af, ons besluit: 'Ek sal vir God lewe.'" Steek jou hand op. Is daar 'n familie? Elkeen met jou hoof gebuig nou. Steek net jou hand op. [Leë kol

op band—Red.] Ek is so bly dat daar nie is nie. Maar as daar is, God weet hoe om vir alle dinge te sorg.

161 Is daar 'n persoon hier vanaand wat al vir 'n lang tyd siek was? En miskien, lyk dit asof daar vir jou gebid is, maar jy het nie geloof om te oorwin nie. Maar net nou, dat jy jou besluit gaan neem. "Here God, van hierdie einste uur af, gaan ek U dien. En ek gaan hier uit, en gaan getuig van die genade van God, dat ek deur Sy wonde genees is. En ek gaan dit glo, van vanaand af." God seën jou, dame. God seën jou, meneer. God seën jou, en jou. Wonderlik. Dis reg. Ek gaan vir julle bid binne 'n paar minute. Ek gaan vir God vra om dit vir julle te gee.

162 Ek wonder, vanaand, of een van die persone wat nie 'n Christen is nie, na die altaar toe wou oploop en gaan uitkniel? Die altaar is oop. As julle 'n oop gebed tot God wil bid, die altaar is oop. Vir die afvallige of vir die afgedwaalde man, wie dit ook al mag wees, die altaar is oop. Jy is welkom. Jy is by Kades. Die oordeel is aan. God staan gereed, met uitgestrekte arm.

163 Daardie siek persoon wat op hulle voete wil staan, om 'n publieke belydenis te maak dat hulle Christus nou as hulle Geneser aanvaar het. En sê: "Van vanaand af, sal ek God glo," en 'n gebed vir hulle hê. As julle sal, is julle welkom om op julle voete te staan. Goed.

Drie van julle staan. Bly net staan, as julle sal.

164 Nou, Hemelse Vader, terwyl hulle op hulle voete is, die Heilige Gees het gespreek. En ek bid U, Hemelse Vader, dat U genade aan hierdie man gegee sal word, albei van hulle, en hierdie vrou, en hierdie ander man wat pas gestaan het. O Ewige God, deur die wonde van die Here Jesus Christus, het daar vir hulle genesing gekom. God, U het dit afgebring. U het dit werklik gemaak vir die mense. En ek bid . . . Here, U het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie trek nie." En nou het die Heilige Gees met hulle gepraat, en niks anders kan gedoen word nie. Hulle het hulle besluit geneem, dat hulle U vanaand as hulle Geneser aanvaar. En hulle gaan uit hierdie tabernakel uit in die geloof dat hulle normaal en gesond sal wees.

165 Here, dit kan nie faal nie, net so min as wat God kan faal. Ons besef dat geen man meer werd is as wat sy woord is nie. En vanaand, glo hulle en het hulle aanvaar. En sal hulle dit ontvang, Here, soos ek hierdie gebed van geloof vir hulle bid, in Christus' Naam. Amen.

166 Julle mag maar sit. God seën julle. Glo met jou hele hart, jou probleme is verby.

167 Hoeveel het Hom lief en wil na Sion toe marsjeer saam met Hom? Laat ons julle hande sien opkom. Dis wonderlik. Maak nie saak aan watter kerk jy behoort nie. Goed.

168 Kom ons staan nou op ons voete terwyl ons sing *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou*. Goed, suster, as jy vir ons sal gee . . .

. . . die Naam van Jesus . . .

169 Nou draai reguit om en skud hande met iemand naby jou. Draai reguit om en skud hande.

. . . van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
Neem dit oral met jou mee.

O dierb're Naam, (dierb're Naam) O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, (dierb're Naam) O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

170 Almal wat Hom liefhet, bo alles, met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand, met al jou krag, steek jou hand *so* op, en sê: "Prys die Here." [Gemeente sê: "Prys die Here."—Red.] Dis goed. Goed, nou.

Voor die Naam van Jesus buig ek,
Voor Sy voete val ek neer,
Koning van konings . . .
As ons reis voltooi is hier.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

By Kades-Barnéa AFR56-0527
(At Kadesh-Barnea)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 27 Mei 1956, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org